# HOOFSTUK VIER.

## HULPMIDDELS BY DIE ONDERRIG VAN STILLEES.

### A. Hardop- en Stillees.

#### 1. Die doel van leesonderrig.

By leesonderrig kan die onderwyser 'n hele aantal algemene en besondere doeleindes beoog.[1] Die besondere doeleindes mag van persoon tot persoon verskil en dit mag ook wissel met die leesdoel, maar sekere algemene doeleindes behoort altyd beoog te word by leesonderrig.

William Gray[2] noem agtien verskillende doeleindes wat hy verdeel in twee groepe, nl. doeleindes wat die bereiking van sekere waardes beoog en doeleindes wat die ontwikkeling van gesindhede en vaardighede beoog.

Van der Walt[3] noem drie algemene doeleindes t.w.:

a. Leesonderrig moet die leerlinge in staat stel om nuwe ervarings en gedagtes op te doen. Dit moet dus meehelp om die kind se begrippe uit te brei.

b. Leesonderrig moet belangstelling en liefde vir lees aankweek en bevorder. Dit moet ook die aankweking van gesindhede in aanmerking neem.

c. Leesonderrig moet doeltreffende leesgewoontes en vaardighede ontwikkel. Hieronder moet verstaan word die aanleer van snelle, korrekte oogbewegings en die uitskakeling van remmende faktore soos lipbewegings, fluisterlees, ongekoördineerde oogbewegings en regressies.

---

1. van der Walt, N.: „Moedertaal", uit Coetzee, J.C. en Bingle, H.J.J.: „Beginsels en Metodes van die Laer Onderwys", bl. 82.
2. Gray, W.S.: „ Preliminary Survey on Methods of Teaching Reading and Writing", Unesco Educ. Studies and Documents, Part II, ble. 6 - 7.
3. Van der Walt, N.: loc. cit.

Besondere doelstellings by die onderrig van stillees en begripslees is die volgende:

a. Die snelle en akkurate waarneming en herkenning van woorde, frases en sinne.

b. Die begrip van die woorde, frases en sinne, asook 'n begrip van die algemene toon en stemming van die stuk.

c. Die organisasie, assimilasie en gebruik van opgedane kennis.

d. Die ontwikkeling van waardering vir en blywende belangstelling in wat gelees is.

e. Die kritiese beoordeling van wat gelees is.

f. Die ontwikkeling van die leerlinge se begripswoordeskat en daardeur die verbetering van die taalvermoë.

g. Die bevordering en die ontwikkeling van die leerlinge se denkvermoë.

2. <u>Verskille en ooreenkomste tussen stil- en hardoplees.</u>

Gedurende die negentiende eeu was hardoplees beskou as van groter waarde as stillees, maar teen die begin van die twintigste eeu het opvoedkundiges meer en meer die waarde van stillees begin besef. Soos so dikwels by reaksies, was die gevolg dat stillees meer en meer die plek van mondelinge lees ingeneem het en in sommige gevalle heeltemal vervang het. Die uiterste voorstanders van stillees, veral die Chicagoskool, het selfs 'n aanvangsleesmetode ontwerp waarby alle hardoplees uitgeskakel is. Die resultate wat met hierdie metode bereik is, het egter nie aan die verwagtings voldoen nie.[4] Hierdie uitskakeling van hardoplees was die gevolg van 'n wanopvatting dat stil- en hardoplees twee heeltemal verskillende psigiese prosesse is.

---

4. Smith, Nila: „American Reading Instruction", bl. 154.

Vandag besef opvoedkundiges dat stillees en hardoplees elkeen sy besondere voordele het en dat dit geensins twee afsonderlike prosesse is nie , maar „the overt and implicit expressions, respectively, of the same fundamental process".[5]

Navorsing in verband met die fisiologie en die psigologie van lees het aan die lig gebring dat, hoewel daar opmerklike verskille tussen stil- en hardoplees bestaan, t.o.v. leestempo, daar andersins geen onderskeidende verskille op te merk is nie. Jacobson[6] het aangetoon dat alle kinders in 'n meerdere of 'n mindere mate spierbewegings van die lippe en tong uitvoer as hulle stillees doen of dink, en dat hierdie bewegings ooreenkom met die bewegings van daardie spiere by lees. Die oogbeweging word in so 'n mate 'n gewoontereaksie dat die patroon van die oogbewegings van dieselfde persoon by alle links-na-regs en selfs by regs-na-links lees (Hebreeus) dieselfde is.[7]

Hoewel stillees teen 'n baie hoër tempo as hardoplees kan plaasvind, bestaan daar 'n hoë korrelasie tussen die duurte van die ruspouses, die aantal spronge en die aantal regressies per reël by dieselfde persoon.[8] Ook is gevind dat dieselfde tipiese foute by beide stil- en hardoplees gemaak word.[9] Rogers[10] het gevind dat daar 'n hoë korrelasie bestaan tussen die begripsvermoë van dieselfde persoon wanneer die persoon hardop of stil lees.

---

5. Anderson and Dearborn: „The Psychology of Teaching Reading", bl. 160.
6. Jacobson, E.: „The Electrophysiology of Mental Activities", American Journ. of Psychology, XLIV, Oct. 1932, ble. 677-694.
7. Anderson en Dearborn: op. cit. figuur 30, bl. 137.
8. Anderson and Dearborn: op. cit. bl. 158.
9. Anderson and Dearborn: op. cit. bl. 158.
10. Rogers, M.V.: „Comprehension in Oral and Silent Reading Perception", Journ. of General Psychol., XVII, Oct. 1937, ble. 394-397.

Vandag neem opvoedkundiges aan dat beide stillees en hardoplees uitings van dieselfde psigiese vermoëns is, en dat elkeen sy eie besondere voordele het.[11] Dit is nie nodig dat hulle mekaar vervang nie, maar dis veel meer nodig dat stillees en hardoplees mekaar moet aanvul, omdat lees nie 'n doel op sigself is nie, maar alleen 'n middel tot 'n doel.

B. Hulpmiddels by die onderrig van Stillees.

Vordering in die leesontwikkeling van die individu geskied parallel met die geestelike en liggaamlike ontwikkeling. Leesbekwaamheid is die produk van hierdie ontwikkelingsproses wat beide in sy hoogte en breedte harmonies moet wees. Die leesproses is nie bloot verbalisties van aard nie, omdat lees nie blote herkenning en reproduksie van woorde is nie. Die onderrig van lees is „a continuous all-school function".[12] Die onderwyser moet van alle moontlike hulpmiddels gebruik maak by die onderrig van lees en stillees. By die keuse van hulpmiddels moet die volgende twee beginsels voor oë gehou word.

As eerste beginsel wil ons bepaal dat die mens alleen kan begryp wat gelees word, indien hy 'n noukeurige begrip het van die inhoud en betekenis van die woorde wat gelees word. Die graad van begrip is afhanklik van die rykdom en akkuraatheid van die begrippe van die leser, soos weerspieël word in die taalbeheer van die leser. Die leser se begrippe of belewenisse is dus die voedingsbron van leesbegrip. Daarom is die fundamentele taak in die ontwikkeling van leesbegrip, die ontwikkeling van akkurate begrippe en parate kennis.[13]

11. Broom, M.E. et al: „Effective Reading Instruction", bl. 217.

12. Broom, M.E. et al.: op. cit. bl. 11.

13. McKee, Paul: „Vocabulary Development", uit: „The Teaching of Reading. Second Report", 36th Yearbook, Nat. Society for the Study of Educ., bl. 278.

As tweede beginsel moet ons in gedagte hou dat die blote besit van baie betroubare begrippe, egter geen waarborg van leesbekwaamheid is nie. Die mens moet ook leer om woorde te herken en te assosieer met die begrippe waarvoor die geskrewe woorde as simbole dien. Die herkenningsvermoë behoort nie ondergeskik gemaak te word aan die ontwikkeling van die leesbegrip nie, want herkenning is primêr vir leesbegrip.[14] Herkenning na vorm is egter nie genoeg nie. Daarom dat metodes van onderrig wat uitsluitlik daarop gemik is om herkenningstempo te bevorder, beperkte waarde het.

Aangesien dit die algemene taak van die skool is om geleenthede te skep waarin die kind konsepte kan opbou en gebruik, moet die onderwyser gebruik maak van genoeg doeltreffende hulpmiddels om hierdie geleenthede te skep. Daarom dat die opvoeder altyd in gedagte moet hou dat hy besig is met die verryking van die taalbeheer van die kind. Voorsiening moet gemaak word vir 'n wye ervaring om te verseker dat die geabstraheerde begrippe helder is. Die skepping van ervaringsmoontlikhede is egter nie genoeg nie en ander hulpmiddels moet gebruik word om die begrippe so helder as moontlik te maak.

Dit is veral in hierdie opsig dat die kulturele vakke 'n belangrike bydrae lewer tot die taalontwikkeling van die leerlinge. Hier kom die kind daagliks met wyer ervarings in aanraking, waarvan sommige direk is, maar baie slegs indirek ervaar kan word. Deur die nodige verduidelikings en besprekings kan hierdie indirekte ervarings baie bydra tot die verruiming van die kind se skat van konsepte. Indien hierdie ervarings interessant genoeg is, sal

14. McKee, Paul: op. cit. bl. 279.

dit die kind noop om na meer kennis te soek. Hierdeur sal twee belangrike vereistes vir doeltreffende begripslees in werking tree, nl. aandag en belangstelling. Die gevolg van hierdie opgewekte belangstelling sal intensiewe en ekstensiewe lees wees. Intensiewe en ekstensiewe lees vereis denkend lees en 'n toereikende woordeskat. Daarom dat die onderwyser alle moontlike hulpmiddels moet aanwend om die belangstelling op te wek en daarna die woordeskat deur nuwe belewenisse uit te brei. Daarom moet van elke moontlike hulpmiddel gebruik gemaak word om herkenning, denke en waardering te bevorder. In die volgende paragrawe word 'n aantal hulpmiddels kortliks bespreek.

1. Taalstudie en grammatika.

Vir byna vyf-en-twintig eeue het die klassisistiese tradisie van die Grieke die taal- en grammatikaonderrig in ons skole oorheers. Die Grieke het uitgegaan van die beginsel dat taal 'n natuurnoodwendigheid is en dat die oorsprong en betekenis van 'n woord uit die vorm en letterstruktuur van die woord self verklaar kan word.[15] Gedurende die bloeitydperk van die Griekse staat het die literêr-estetiese ideaal in taalstudie meer na vore gekom. Die ideaal het gelei tot die ontstaan van die retorika-skole van die Sofiste.[16] Gedurende die vroeë middeleeue was die trivium, t.w. grammatika, retorika en logika of dialektika, beskou as die basis van alle opvoeding en die bron van alle kennis en wysheid.[17] Tydens die Renaissance-tydperk is die „logies-kategoriese

15. Labuschagne, F.J.: „Grammatika, Taalwetenskap en Taalonderwys", Byvoegsel tot „Koers", Deel V, No.6, Junie 1938, bl. 42.
16. Labuschagne, F.J.: op. cit. bl. 43.
17. Coetzee, J.C.: „Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue", bl. 93.

formalistiese en doktrinêre skryftaal-grammatika"[18] van die Grieke en Romeine op Nederlands en later ook op Afrikaans oorgedra.

Die inhoud van die leerstof van grammatika, die deduktiewe metode van onderrig en die toepassing van 'n menigte reëls, het die leerstof oninteressant gemaak en die taal filologies as iets staties behandel. Hierdeur het die dinamiese eienskappe van die taal verlore gegaan.[19] Prof. Labuschagne beklemtoon die feit dat, „die positivistiese taalbeoefening steriel geword (het) deur gemis aan 'n doelbepalende prinsiep, wat die wetenskap kon emansipeer van die klassisistiese tradisionisme".[20] Die gevolg hiervan was dat grammatika-onderrig uit ons skole verdwyn het en plek moes maak vir 'n grammatikalose onderwys, waarin die klem val op die direkte metode van taalonderrig, nl. spreekonderrig.[21]

Dit is opmerklik dat daar tydens die jaarlikse konferensie oor lees te Chicago in 1951 beswaar aangeteken is teen die ongeorganiseerde, intuïtiewe kennis van grammatika wat nie genoeg is om te verseker dat leerlinge geskrewe Engels verstaan nie.[22] Daar is gepleit dat grammatika en retorika weer onderrig moet word, want „it is only by providing careful training in grammatical, logical and rhetorical analysis that we can help our students to achieve understanding of a text and so prepare them to proceed, through interpretation and evaluation, to their goal of mature reading".[23]

18. Labuschagne, F.J.: op. cit. bl. 48.
19. Commission on Secondary Education: „Language in General Education", bl. 6.
20. Labuschagne, F.J.: op. cit. bl. 64.
21. Labuschagne, F.J.: op. cit. bl. 65.
22. Gray, W.S.: „ Promoting Growth toward maturity in Interpreting what is Read". Proceedings of the Annual Conference on Reading, bl. 95.
23. Gray, W.S.: loc. cit.

Uit die bespreking van die psigiese ontwikkeling van die kind het geblyk dat die laerskoolkind nog nie ryp is is vir analitiese taalkunde nie. Dit sluit egter nie die moontlikheid van 'n sintetiese en funksionele taalkunde en taalonderrig uit nie. Die onderwys van grammatika volgens die tradisionele opvattings, is oorboord gegooi, maar niks nuuts is in die plek daarvan gestel nie. Die huidige opvatting dat kennis van die taalkunde algaande, asof deur 'n proses van osmose, opgedoen moet word, blyk ontoereikend en onbevredigend te wees. Daar bestaan 'n behoefte aan 'n nuwe taalleer wat bevrugtend sal inwerk op die onderwys.

2. Die Taalskatbussie.

Die taalskatbussie is 'n trap in die ontwikkeling van die flitskaartstelsel en vervul 'n belangrike rol by die leesonderrig, die gekontroleerde spreekles en die skriftelike taalwerk. Sodra die leerlinge kan lees, kan die flitskaarte in verband met die uitbreiding van die woordeskat gebruik word. Dit is geen seldsame verskynsel dat die grootste gedeelte van die woorde wat deur leerlinge geleer word, gou vergeet word indien hulle nie weer gebruik word nie. Die hoofdoel van die taalskatbussie is dan ook om die verspilling van hierdie kennis teen te werk sodat hierdie woorde deur 'n eie belewenis deur die leerlinge en as gevolg van die gedurige herhaling deel word van die gebruikswoordeskat van die leerlinge. Die taalskatbussie kan nie 'n inventaris van die leerlinge se woordeskat bevat nie, hoewel dit 'n weergawe behoort te wees van die nuwe woorde wat hulle oor 'n tydperk aangeleer het.

Die bussie bevat woorde waarmee die leerlinge alreeds kennis gemaak het en afkomstig is uit verskillende bronne. Hierdie woorde sal deels uit die alledaagse ervaring van die leerlinge geput word en deels uit die terminologie van ander skoolvakke. Sommige van hierdie woorde sal half tegnies van aard wees. Die onderwyser moet egter toesien dat alleen woorde wat nuttig vir die taalontwikkeling van die leerlinge sal wees, in die taalskatbussie opgeneem word.

Hierdie woorde word dikwels aan die leerlinge geflits. Van hulle word dan verwag om die woord te herken, te spel, die betekenis te omskryf en die woord in 'n sin te gebruik sodat die betekenis daarvan duidelik uitkom. Indien dit blyk dat die leerlinge nie 'n duidelike begrip van die woordbetekenis het nie, behoort die betekenis verduidelik te word na aanleiding van demonstrasies en illustrasies.

Die taalskatbussie lei tot drie verdere taalaktiwiteite, nl. die opstel van woordeskatlyste, die naslaan van die betekenis van woorde in 'n woordeboek en die gebruik van die aangeleerde woorde in mondelinge taalonderrig.[24]

3. Die Spreekles.

Ten einde te verseker dat die kind nuwe woorde sy eie maak en kan gebruik om sy **begripsvermoë** te verbreed, moet die volgende prosedure gevolg word:[25]

a. Kinders moet dikwels die geleentheid kry om te praat oor begrippe wat hulle besig is om te vorm.

b. Aansluitend by die kinderlike ervaring, moet daar dikwels geleentheid wees om te praat oor bekende voor-

---

24. McKee, Paul: „Vocabulary Development", in „The Teaching of Reading. A Second Report", 36th Yearbook of the Nat. Soc. for the Study of Education, bl. 284.
25. McKee, Paul: op. cit. ble.281-284.

werpe en begrippe deur eenvoudige stories te vertel, of bevele of aanwysings na te volg en uit te voer.

c. Die primêre skool moet die program van aktiwiteite so wyd as moontlik maak, ten einde te verseker dat soveel as moontlik menslike aktiwiteite ingesluit word.

d. By die onderrig van ander vakke moet verseker word dat die betekenis van tegniese en half tegniese woorde vasgelê word.

e. Leerlinge moet nie alleen aangemoedig word om wyd en baie te lees nie, maar hulle moet ook aangemoedig word om te gesels oor wat hulle gelees het. Hierdeur word die woorde en begrippe wat en waarvan hulle gelees het, hulle eie gemaak.

Spreekoefeninge kan van tweërlei aard wees, nl. die vrye spreekles en die gekontroleerde spreekoefening. Die inhoud en aard van die leerstof vir spreeklesse is moeilik bepaalbaar en juis as gevolg daarvan tas onderwysers dikwels doelloos rond en kan geen bepaalde rigting in die onderrig vind nie.

Die gekontroleerde spreekoefening het ten doel die inskerping van die betekenis van woorde en uitdrukkings. Hierdie inskerping geskied deur die woorde en uitdrukkings binne 'n situasie- of sinsverband te gebruik waardeur ook die intonasie en spreekvorm meehelp om die gevoelsnuansering te beklemtoon.

Die vrye spreekoefening bied aan die leerlinge die geleentheid om taal te gebruik as uitings- en omgangsmiddel. Dit lyk soms oorbodig om kinders aan te moedig om te praat, aangesien hulle dikwels eerder stilgemaak moet word. Aan die ander kant moet in gedagte gehou word dat die gemiddelde leerling se gebruikswoordeskat baie beperk is en dat die vrye

konversasie juis die geleentheid moet bied om die gebruikswoordeskat uit te brei. Alleen deur werklike en selfstandige gebruik leer die kind die betekenis van woorde ken.

In die vrye spreekles kry die kind ook die geleentheid om oor dinge te praat waarin hy of sy belang stel. Watts[26] wys daarop dat die verryking van die omgewing 'n uitbreiding van die kind se kennis van selfstandige naamwoorde meebring, terwyl die verryking van die kind se belangstelling die sekerste metode is om die woordeskat uit te brei. Ook Strickland [27] wys daarop dat die ideale toestand om te verseker dat woorde die kind se eie word, geskep word deur te lees en te praat, te praat en te lees. Daarom dat die spreekles beskou moet word as 'n ideale aanvullingsles vir die leesles. Gertrude Hildreth[28] wys daarop dat meer praat -- nie minder nie maar meer -- lees beteken.

Interpretasie is die kern van lees.[29] Om doeltreffend te lees, moet die kind eers in staat wees om die gesproke taal doeltreffend te gebruik. Die spreekles kan dus dien as voorbereiding vir lees en as kontrole om vas te stel of dit wat gelees is, werklik verstaan is.

4. Die Voordragles.

Daar is reeds op gewys dat waardering van die skone in 'n taal, soos gevind kan word in sy skoonste uitinge in die poësie en die prosa, noodsaaklik is vir leesbegrip. Dit is dan ook veral vir die ontwikkeling van estetiese waardering waarvoor

===================================================

26. Watts, A.F.: „The Language and Mental Development of Children", bl. 40.
27. Strickland, R.G.: „The Language Arts in the Elementary School", bl. 198.
28. Hildreth, G.: „Learning the Three R's", bl. 115.
29. Monroe, M.: „Growing into Reading", bl. 170.

die voordragles noodsaaklik is.

Die hoofdoel van die voordragles is om aan die leerlinge genot te verskaf deur by hulle 'n gevoel vir ritme en klank te ontwikkel.[30] Hiervoor word twee basiese vereistes gestel,[31] nl. a. die noodsaaklikheid dat die leerling die inhoud en betekenis van die gedig verstaan, en b. die leerling moet 'n ernstige poging aanwend om daardie betekenis oor te dra met inagneming van die musikale patroon van die gedig.

Daar is sekere elemente in gedigte wat kinders se keuse beïnvloed. Strickland [32] beweer dat kinders gedigte verkies om hulle sangerigheid, terwyl Arbuthnot [33] meen dat die storie-element in gedigte veral deur kinders waardeer word. Die voordragles bied 'n uitstekende geleentheid om die uitspraak te bevorder en om die klanksamevloeiing te bevorder en te onderrig. Die klem moet nie soseer val op die kwantiteit van die gememoriseerde werk nie, maar op die kwaliteit van die voordrag. Indien die onderwyser dikwels self voorlees sal dit vergoed vir die verlies aan kwantiteit en ook waardevol wees vir die estetiese ontwikkeling.

5. Die onderrig van Spelling.

Die onderrig van spelling was vir 'n lang tyd as 'n euwel beskou. Gelukkig dat vandag besef word dat spelling 'n noodsaaklike euwel is. Korrekte spelling veral in 'n fonetiese taal, behoort die gevolg te wees van korrekte leesonderrig. As gevolg van die globale metode van leesonderrig het die klem meer op die globale vorm van die woord geval, eerder as op die samestellende letters. 'n Eensydige beklemtoning

30. T.O.D.: „Wenke in verband met Resitasie-onderrig veral in die tweede taal in Laerskole".
31. Arbuthnot, M.H.: „Children and Books", bl. 159.
32. Strickland, R.G.: „The Language Arts in the Elementary School", bl. 298.
33. Arbuthnot, M.H.: op. cit. bl. 164.

van een aanvangsleesmetode, soos bv. die sinmetode, sal as gevolg hê dat leerlinge swak spel. Daarom is dit wenslik dat meer sintetiese metodes soos die klankmetode ook toegepas word. Navorsing het aan die lig gebring dat daar definitiewe letter- en woordtipes bestaan en dat 'n verskeidenheid van leesmetodes nodig is om in die behoeftes van die verskillende tipes te voorsien.[34] Die bestaan van visuele en ouditiewe tipes word algemeen erken. Daarom dat die onderwyser gebruik moet maak van so veel sintuie as moontlik om leerstof te verduidelik. Laat kinders die woord sien, hoor en voel. Kinders kan woorde voel deur dit te laat opbou met plastiese letters, of met behulp van viltletters op 'n flenniebord. By taalonderrig moet die oog, die oor, die hand en die verstand saamwerk.

Die algemene leerreëls is ook van toepassing op spellingonderrig. Die belangrikste leerreël in hierdie verband is die leer van assosiasie. Waar vroeër baie klem gelê is op klankassosiasie en die saam leer van homonieme,, word vandag meer klem gelê op die betekenisassosiasie. Woorde wat in verband met mekaar staan, moet saam geleer word. Byvoorbeeld: stad, burgemeester, stadsaal, stadsklerk, burgemeestersfonds, burgemeestersvrou, ens.

Die spelling van geïsoleerde woorde is 'n uitstekende toetsmetode maar as 'n onderrigsmetode het dit beperkte waarde. Woorde moet liewer binne hulle sinsverband gesien en geleer word. Laat die leerlinge liewer 'n paragraaf uit die hoof leer en skriftelik reproduseer. Hierdeur leer hulle die woorde binne sinsverband ken en spel.

---

34. Hattingh, J. M.: „Aanvangsonderwys", Onderwysblad, XLV, No. 527, Feb. 1944, bl. 9.

6. Die Skoolbiblioteek.

„Die skoolbiblioteek is die enigste plek waar die kind stelselmatige onderrig in die gebruik van die boek as hulpmiddel kan ontvang. Kry hy dié onderrig nie hier nie, moet hy dikwels tot sy nadeel dwarsdeur sy lewe daarsonder klaarkom".[35]

Die drie fundamentele doelstellings met die skoolbiblioteek is die volgende:[36]

a. Die biblioteek moet die leerplanne verryk en die nodige lees en studieboeke voorsien. Hierdeur kan die biblioteek aansluit by die skoolleesprogram, deur aan die leerlinge geskikte leesmateriaal te verskaf om hulle kennis aan te vul, nadat die nodige belangstelling opgewek is.

b. Die biblioteek kan 'n waardige middel tot vryetydsbesteding word. Die noodsaaklikheid van beheer oor die aard van die vryetydsbesteding van veral die stedelike leerling, het meegebring dat skoolorganiseerders buitemuurse aktiwiteite al meer en meer beskou as 'n aanvullende deel van die leerplan.

c. Die onderwyser moet die leerlinge oplei in die doel, organisasie en gebruik van die biblioteek.

Dit is veral laasgenoemde aspek wat 'n nader bespreking verdien. Boekopvoeding moet al in die primêre skool aangepak word, sodat die leerlinge wanneer hulle die primêre skool verlaat, bekend is met die volgende:[37]

a. Bekendstelling met die biblioteek en die gebruik daarvan. Dit sluit in bekendstelling met die

35. van Wyk, dr. A.H. du P.: Voorwoord tot Groenewald, mev. E.C.: „Boekopvoeding".

36. National Society for the Study of Education, 36th Yearbook, ble. 255-257.

37. Groenewald, mev. E.C.: „Boekopvoeding", ble. 6-63.

inhoud van die vorskillende rakke, nl. naslaanwerke, romans, vakliteratuur, tydskrifte, koerante , die katalogus en die uitleenlessenaar.

b. Die verhaal van die boek, wat die ontwikkeling van skrif, papier, die drukkuns en die boek insluit.

c. Die alfabet, waar die beginsels van katalogisering en alfabetiese volgorde behandel word.

d. Die anatomie van die boek, waarin aan die kind geleer word hoe 'n boek saamgestel, gedruk en gebind word.

e. Gedrukte dele van die boek en nuttige aanverwante feite waarin aan die kind geleer word om te let op die titel, outeur, inhoudsopgawe, voorwoord, opdrag, die liggaam van die boek, bibliografie, bylaes, bladwyser, klapper, ens.

f. Hantering en versorging van boeke. Hier word aan die kind geleer om nie net die inhoud van die boek lief te hê nie, maar ook die uitwendige, en dit daarvolgens te versorg.

g. Die beginsels van klassifikasie waar die beginsels van Dewey se desimale klassifikasiestelsel verduidelik word.

h. Die kaartekatalogus waarin die stelsel van katalogisering volgens titel, outeur en onderwerp verduidelik word.

i. Die algemene naslaanwerke, bv. woordeboeke, ensiklopedieë, adresboeke, gidse en ander naslaanwerke. Leerlinge moet die basiese beginsels waarop sulke boeke opgestel word , verstaan en deur beoefening daarvan 'n spesiale tegniek aanleer van hoe om hierdie soort boeke te gebruik.

Neem as voorbeeld die woordeboek. Die doel van hierdie lesse is om die leerlinge te leer hoe 'n woordeboek gerangskik is, hoe om dit met vaardigheid te gebruik en hoe om die meeste waarde daaruit te

te put. Leerlinge moet eers leer watter verskillende soorte woordeboeke daar is en daarna hulle kennis van alfabetiese rangskikking gebruik om die verlangde woord na te slaan. Verder moet hulle besef dat 'n woord verskillende betekenisse het en dat telkens na die sins- en inhoudsverband refereer moet word om vas te stel watter betekenis die korrekte is.

Daarna kan oorgegaan word tot die bestudering van die rangskikking van 'n ensiklopedie. Die neiging by kinders is om bloot net prentjies te kyk. Onlangs nog is aan 'n aantal leerling elk 'n kopie van die Afrikaanse Kinderensiklopedie gegee. Dit was interessant vir hulle en vir 'n tyd lank het hulle slegs heen en weer geblaai. Toe daar aan die end van die periode aan hulle gevra is wat hulle nou eintlik daaruit geleer het, was die antwoord, „Baie!". Dit beteken in hierdie geval egter dat hulle so baie dinge oorsigtelik bestudeer het dat niks onthou is.

Die funksie van die biblioteek is dus om 'n genoegsame verskeidenheid leesstof beskikbaar te stel, om die leesstof sodanig te organiseer dat die kind met gemak kan kry waarna gesoek word en om sodoende die biblioteek 'n integrerende gedeelte van die skoolwese te maak. Met 'n ideale biblioteek tot hulle beskikking behoort leerlinge deur middel van projekte aangemoedig te word om te lees. Daar sal by sommige leerlinge 'n neiging te bespeur wees om ekstensief te lees, terwyl andere intensief sal lees. Eksperimentele gegewens het aangetoon dat leerlinge wat wyd lees, 'n groter vermoë tot probleemoplossing en veralgemening het, terwyl kinders wat intensief lees, oor meer spesifieke en parate kennis beskik.[38]

---

38. Davis, R.: „Psychology of Learning", blo. 177-178.

Of die leerlinge die volle waarde uit die skoolbiblioteek sal trek, sal afhang van die opleiding en onderrig wat die leerlinge van jongs af ontvang het. Hierdie opleiding en opvoeding sal die volgende aspekte insluit: a. Die leerlinge moet oor voldoende taalkennis beskik om geskikte leesmateriaal baas te raak. Dit vereis deeglike onderrig in die moedertaal.

b. Daar moet 'n drang na kennis en 'n behoefte vir lees by die leerlinge bestaan. Hierdie drang en behoefte behoort 'n direkte uitvloeisel te wees van die onderrig in stillees en 'n indirekte uitvloeisel van die doeltreffende onderrig in die kulturele vakke.

c. Leerlinge moet opgevoed wees om boeke te hanteer en te gebruik. Hiervoor is boekopvoeding van jongs af nodig.

d. Leerlinge moet geleer word hoe om leesmateriaal te bekom, deur hulle bekend te stel met die organisasie van 'n biblioteek.

e. Leerlinge moet nie alleen aangemoedig word om kennis uit die biblioteek te put nie, maar ook genot. Stillees is nie net studielees nie en ook nie net 'n blote tydverdryf nie. Stillees is die magtigste leermiddel waaroor die kind kan beskik, maar dis ook 'n aangename en nuttige tydverdryf.

7. <u>Luisteroefeninge.</u>

Dikwels kan in die klaskamer opgemerk word dat leerlinge nie weet wat die onderwyser gesê het nie. Dit kan te wyte wees aan swak voordrag deur die onderwyser of aan gebrekkige aandag en belangstelling by die kind. Maar dit kan ook die gevolg wees van 'n swak ontwikkelde luisterbegrip by die leerlinge.

==========================================

39. Leest, J.: „Het Voortgezet Onderwys in de Moedertaal", ble. 17-18.

In die gewone les in die kulturele vakke word dieselfde feite herhaaldelik beklemtoon en verduidelik. Daarna word die les geïllustreer en met ander aanskoulike materiaal opgehelder en eindelik deur middel van kort aantekeninge saamgevat. Die onderwyser verstrek dus die feite en gegewens, soek die belangrikste feite uit, maak die nodige afleidings en toepassings en vat die les kortliks saam. Juis omdat leerlinge gewoon daaraan word dat die onderwyser hierdie dinge vir hulle doen, ontwikkel die luistervermoë nie voldoende nie.

Die oplossing vir gebrekkige luistervermoë lê in luisteroefeninge. Hierdie oefeninge kan op verskillende maniere afgewissel word.

a. Leerlinge moet die onjuiste gegewens in 'n sekere bewering opspoor, bv. „My oupa is 'n sterk man." „In die stikdonker nag het my maat en ek in die maanlig gesit en gesels".

b. Sleutelwoorde in 'n sin word weggelaat. Leerlinge moet die sleutelwoorde aflei uit die sin.

Voorbeelde: „Gisteraand was dit baie donker voordat die ------ opgekom het. Daarna kon ons egter baie duidelik die --- sien.

c. Onderskei tussen juiste en onjuiste gegewens. Voorbeelde: „Die kamer waarin ons is, is vierkantig." „My oom se kinders is my neefs". „Die dag wat op oormôre volg is Saterdag".

d. Kleiner kinders is baie lief vir raaisels. Hiervan kan nuttige gebruik gemaak word. Volledige gegewens moet gegee word. Bv. „Ek het vier pote. Somtyds is my rug plat en rond, somtyds is dit plat en vierkantig. Mense gebruik my baie om by te sit. Wat is ek?"

e. Vir leerlinge in die hoër standerds kan moeiliker oefeninge gegee word.

Voorbeeld: „Omstreeks tweeduisend jaar voor Christus was Europa nog so te sê heeltemal woes en bedek met bosse en moerasse. Ruwe volkere wat hoofsaaklik van die jag en visvangs geleef het, het daar rondgeswerf. Die mense se wapens en werktuie wat van been, klip of hout gemaak was, was maar baie primitief en onbeholpe. Die mense was dus nog maar baie onbeskaaf?"

Die volgende vrae word dan mondeling gestel en mondeling beantwoord:

i. In watter wêrelddeel het hierdie mense rondgeswerf?

ii. Waarom word hulle beskryf as primitief en onbeskaaf?

iii. Hoe vergelyk hulle lewenswyse met die van ons vandag?

f. Luisteroefeninge kan ook nuttig gebruik word om die estetiese waardering van die leerlinge te ontwikkel. Leerlinge in selfs die hoogste klasse van die primêre skool, vind dit moeilik om die skryftaal van C.M. van den Heever en D.F.Malherbe te verstaan. Wanneer die onderwyser egter sekere gekeurde gedeeltes voorlees, sal die leerlinge dit beter verstaan en ook waardeer.

Leerlinge sal die volgende strofe uit die gedig „Mabalel", van Eugene Marais meer waardeer as hulle dit hoor:

„Vinnig langs die paadjie trippel Mabalel;
vrolik klink die liedjie
wat die klingelinge van haar enkelringe vergesel."

Luisteroefeninge moet ten doel hê die ontwikkeling van die luisterbegrip van die leerlinge. Luisterbegrip is die ouditiewe herkenning en assimilasie van gesproke woordsimbole, aangevul deur visuele waarneming wat lei tot die selektiewe en refleksiewe

bepaling van die sentrale gedagte , gevolg deur 'n kritiese oorweging van die waargenome feite en gevolgtrekkings. Luisteroefeninge kan dus 'n nuttige voorbereidende oefening vir leesbegrip tot en met die tweede standerd wees. Daarna kan luisteroefeninge 'n nuttige aanvullende doel dien veral t.o.v. estetiese waardering.

8. Meganiese hulpmiddels.

Daar bestaan 'n aantal meganiese hulpmiddels by leesonderrig waarvan die volgende die bekendste is:

a. Die Keystone tagistoskoop wat bestaan uit 'n flitsmeter en die Keystone „overhead projector". Die uitvinders van hierdie apparaat maak daarop aanspraak dat die apparaat talle voordele besit, o.a. om die waarnemingspan te meet, die tempo en akkuraatheid van leeswaarneming te bepaal en om verkeerde leesgewoontes op te spoor. Die gebruik van hierdie apparaat is om verskillende redes beperk en die waarde daarvan vir leesonderrig is nog nie eksperimenteel bepaal nie.[40]

b. Die Metronoskoop wat met 'n leesrol en 'n drievoudige sluiter frases aan leerlinge flits. Die instrument is handig om die korrekte links-regse oogbewegings aan leerlinge te leer. Aangesien hoogstens agt leerlinge op 'n keer kan saam lees, is die gebruiksmoontlikhede van hierdie apparaat ook baie beperk.[41]

c. „The Reading Rate Controller" is 'n nuttige instrument om die maksimum leesspoed van 'n leser te bepaal en om die leesspoed van stadige lesers te versnel.[42] Hierdie instrument het die voordeel dat enige leesstof van 'n sekere formaat daarin gebruik kan word,

---

40. Broom, M.E.: „Effective Reading Instruction", ble. 27-29.
41. Broom, M.E.: op. cit. ble. 30 - 40.
42. Broom, M.E.: op. cit. ble. 40 - 43.

maar vir skoolgebruik sal dit onprakties wees, aangesien slegs een persoon dit op 'n keer kan gebruik.

Hierdie instrumente sal handige hulpmiddels in 'n eksperimentele laboratorium wees, maar in die gewone skool en klaskamer sal dit om ekonomiese redes onprakties wees. Hierdie instrumente word hoofsaaklik gebruik om die leestempo te versnel. Die moontlike voordele en nadele van tempoversnelling sal in 'n latere hoofstuk, na aanleiding van eksperimentele gegewens, bespreek word.

G. <u>Die waarde van hierdie hulpmiddels vir die onderrig van stil- en begripslees.</u>

In hierdie hoofstuk is die algemene en besondere doelstellings van lees- en stilleesonderrig kortliks bespreek. Daar is op gewys dat stillees sekere voordele bo hardoplees besit, maar dat daar geen bewyse bestaan dat stillees en hardoplees twee aparte vermoëns is nie. Die een moet die ander aanvul.

Verder is op die nut en gebruik van sekere hulpmiddels in die leesontwikkeling gewys. Hardop- en stillees is nie vaardighede wat los staan van die ander skoolaktiwiteite nie; inteendeel dit is die kernvaardigheid wat alle ander aktiwiteite moet beïnvloed en ook weer deur ander aktiwiteite beïnvloed word. Daarom dat die nut van ander taalaktiwiteite soos die onderrig van grammatika, taal- en stelwerk, die woordeskatbussie, die spreekles, die voordragles, die woordeboek , die skoolbiblioteek en luisteroefeninge vir die onderrig van stillees nie onderskat moet word nie. Aan die ander kant sal stillees die doeltreffende gebruik van hierdie hulpmiddels bevorder. So byvoorbeeld, kan spreeklesse lei tot stillees en stillees kan weer stof verskaf vir verdere spreeklesse.

Alle lesse waarby taal gebruik word, kan beskou word as hulpmiddels by die onderrig van stillees.

oooooOooooo